

# St. Lourens, Diaken
# 10 Augustus

(Sterf 258)

Om diaken te wees in die Vroeë Kerk was 'n veeleisende roeping. Lourens het die armes versorg, nuwe gelowiges geestelik begelei en die Woord verkondig. Hy doen dit alles in 'n tyd toe Christene vervolg is en allerhande diskriminasie moes verduur. Vir hom was die armes die skat van die Kerk en toe hy opdrag gegee is om al die Kerkskatte aan die Romeinse prefek te oorhandig het hy al die armes saamgebring. Die woedende prefek laat hom op grusame wyse om die lewe bring. Daar word gesê dat sy dood en kragtige getuienis die einde van die heidense Rome ingelui het.

© Die Oratorium Uitgewery